PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag, 11 Februarie
06:00 Kingsman
10:30 Bybelstudie in die konsistorie - almal welkom
Woensdag, 12 Februarie
10:00 Seniorgroep Valentynsdag byeenkoms
Sondag, 16 Februarie
09:00 Erediens, Kerksentrum - Ruan Janse van Rensburg
09:00 Erediens, Sonstraal@Curro - Carika Hanekom
10:00 Bottelary bediening
17:30 Koffiekroeg
18:00 #Ignite, Kerksentrum - Ruan Janse van Rensburg
19:30 Legato erediens - Johan Conradie

Sonstraal Seniors Valentynsdag

Die eerste byeenkoms vir die jaar is op **12 Februarie** om 10:00 in diekerksentrum en omdat dit so na-aan **Valentynsdag** is, gaan ons dit ook vier. Trek dus iets rooi aan of dra dalk 'n rooi serp, 'n rooi blom of strik in die hare. Annalie Herbst-van Rooyen tree by ons op.
Navrae: Sam of Tina Nel - 021 981 6285 / 072 382 9525.

Indien u afgetree of bo 60 is, is u baie welkom om by ons aan te sluit. Jaarlikse ledegeld wat u eintlik weer deur subsidies op busuitstappies of jaareindfunksie terug kry, beloop R60 pp p/jaar. Toegang by die tuisbyeenkoms is R20.

Bybelstudie by die kerksentrum

Kom sluit gerus by ons aan vir Bybelstudie op Dinsdae om 10:30 in die konsistorie. Hierdie geleenthied is vir enige lidmaat in die gemeente wat daaraan 'n behoefte het.
Dit sal gelei word deur ds Johan.

Hulp met begrafnisse

Broodjies / Tee skink
Ons versoek graag mense wat bereid is om broodjies te maak vir begrafnisse en ook mense wat kan help met tee skink, om jou naam aan die kerkkantoor deur te gee – 021 976 1236.

Nuus van BADISA:

Dit is tyd vir ons jaarlikse Môresterretjies kleuterskool dans ten bate van Kinderbeskerming.
Kaartjies kos R100 per persoon.
Vir meer inligting, kontak vir Sjean Smit by info@badisatrio.co.za

Snap here to pay
SnapScan

Betaal jou Sondag kollekte of Maandelikse dankoffer met SnapScan

Bite Me Koffiekroeg

Maan-Woens 8:30-3nm
Vrydae 8:30-3nm
Ons kan ook nou kaart betalings aanvaar.

WELKOM!
9 Februarie 2020

SONSTRAAL GEMEENTE
Leef om te dien

Nagmaal

Teks: Matteus 5:3-6; 7:28-29
Tema: Dink anders

09:00 Erediens, Kerksentrum	Nioma Venter
09:00 Erediens, Sonstraal@Curro	Eugene Malan
18:00 #Ignite, Kerksentrum	Ruan Janse van Rensburg
18:00 LaVie erediens (Nagmaal)	Johan Conradie

OGGEND KATEGESE:
09:00 3-5 jariges Kleinkerkie - bo-lokaal
Kleindissipels (GrR-6) verdaag na kindertyd na hul klassies

Welkom aan nuwe lidmate. Meld asseblief by die kerkkantoor aan na die diens.

ONS BID VIR MEKAAR...

- André de Wet
- Loekie Vollgraaff
- Jan-Hendrik Hanekom
- Kleintjie Swart
- Rita Bothma
- Elsie van Niekerk
- Anne du Toit
- Henriëtte v d Vyver
- Susanne Kortenhoeven
- Pierre Louw
- Anel Basson
- Gwen du Preez
- Madelein Steyn
- Mary Barnard
- Celest Venter
- Miriam Boll
- Myrna Basson
- Sarie Visser
- Halcyone Rautenbach
- Frans du Toit
- Alex de Kock
- Vanessa Smith
- Surita Weyers
- Aubrey Thomas
- Heinrich Neethling
- Stephanie de Villiers
- Eeden Swart
- Thys Kotze
- Gerhard Visagie (4jr)
- Jeanne Maritz
- Susan Joubert

BASAAR

Vrydag, 28 Februarie 16:00 - 20:00

HANDE OP. #Leefomtedien – Kom gee jou naam op.
Ons het jou hulp nodig by die basaar!

Ons benodig die volgende **bestanddele**:

- 6 blikkies kondensmelk
- 7 bottels mayonaise
- 7 lit kookolie
- 1.2 kg bakpoeier
- 12 lit melk
- 5 kg suiker
- 700 g sout

Bruikbare **wit olifant** artikels kan by die kerkkantoor afgegee word.

DEURKOLLEKTE: *Studentebediening*

Studentebearbeiding fokus op die ondersteuning van die bediening aan studente in Stellenbosch, Tygerberg en Wellington, asook die post-matriek fees. Navorsing word ook gedoen oor die veranderende aard van die bediening aan studente en jong volwassenes. Die doel is om die bediening aan te pas en te verbeter.
Jeugkantoor (Maryke Fourie) | 021 808 9050 | jeug@sun.ac.za
www.dinkjeug.ngkerk.net

Kerkkantoor: tel 021-976 1236
Kantoor ure: 08:00 - 16:00
Epos: kantoor@sonstraal.org.za
Webwerf: www.sonstraal.org.za

Volg ons op Facebook: **Sonstraal Gemeente**

Groeigroep Veldtog

16 Februarie – 20 Maart 2020

Ons nooi almal om deel te neem aan ons groeigroep veldtog vir die jaar.
Kom leer en groei saam.

***Tema*: VERTEL:** Dra die goeie nuus
(R50 per boekie)

***Inhoud*:** Die boek gaan oor hoe om die geskenk van die Goeie Nuus te ontvang en oor hoe om die Goeie Nuus binne ons eie konteks te deel met ander.

Inskrywings sluit:
9 Februarie 2020

Vul die vorm in na Sondag se erediens of stuur 'n epos met volledige besonderhede aan lyn@sonstraal.org.za

Neem kennis dat daar **GEEN** addisionele Bybelstudie sal wees tydens die Vertel veldtog nie.

BIDDAG VIR OPVOEDING EN ONDERWYS SONDAG, 9 FEBRUARIE

Gebed vir onderwysers

Laat my nooit die grond verlaat nie,
laat my in U skadu bly,
Gee dat elke klas se vreugde en vrees,
eind'lik nietig word vir my.

Elke dag is 'n gedagte,
Elke kamer net vir U,
elke aardse droom van rykdom en roem,
net 'n skadu teen die muur.

Elke afdraai paadjie ken ek,
elke keer het ek gedwaal,
elke keer het U my iewers kom haal,
maak dit Heer U laaste maal.

Wat ek is is net genade,
wat ek het is net geleen,
eint'lik smag ek na U waters van rus,
lei my Heer vanaand daarheen.
Amen

Halfdag pos by Fairtrees Aftree-Oord

Hiermee adverteer ons 'n halfdag pos as **Kantoor Assistent.** Die suksesvolle applikant moet die volgende vaardighede besit:
- Moet tweetalig wees (Engels en Afrikaans)
- Moet met mense kan werk en kommunikeer, betroubaar, vriendelik en selfstandig.
- Rekenaarvaardigheid (Outlook, Word, Excel, Powerpoint)
- Opstel van notules, briewe, ens.
- 2 - 3 Jaar Administratiewe ondervinding.
- 2 - 3 Jaar Boekhou ondervinding (Pastel, Sage Pay, Xero)
- Werksure 08:30 - 13:00
- Eenmaal per maand tot 16:00 werk
- Mededingende salaris

Sluitingsdatum - 14 Februarie 2020
Stuur aansoeke aan fairtreesoffice@gmail.com

BREIPROJEK

Ek vertrou dat almal lekker gerus het en weer lus is om die penne en wol op te tel. Die nood word elke jaar groter en om daardie rede gaan ons voort om vir andere so brei-brei tot seën te wees. Kontak my gerus indien daar vrae is oor die items wat ons brei, die nodige patrone, ens. Indien iemand dalk wol het wat nie juis gebruik word nie, ontvang ons dit baie graag. Mag hierdie jaar vir elk van julle sinvol en seënryk wees. Lekker brei!
Rolien Botha
(082 297 7582; botharolien@gmail.com)

TOILETSAKKIES

Veral tydens die Kersvakansie is daar 'n merkbare toename in die pasiëntetal by die staatshospitale Omdat elke sorgbehoewende pasiënt wat 'n sakkie (met toiletware in) kry dit huis toe neem met ontslag, is die voorrade tans uitgeput. 'n Sakkie bestaan uit twee stukke materiaal van ongeveer 34cmx25cm. Die sykante en bodem word toegestik en 'n soompie word aan die bokant gemaak om 'n lintjie, toutjie of koordjie daarin te ryg sodat dit styf kan toetrek. Indien iemand materiaal het (of ou gordyne, tafeldoeke, duvetslope, ens) ontvang ons dit graag. Die nood is regtig groot! Ipv sit-sit-so gaan ons stik-stik-so!
Rolien Botha
(082 297 7582; botharolien@gmail.com)

Ons deel graag die breiprojek se statistieke vir 2019

- Troosteddies vir kinders in trauma-afdeling (253)
- Frokkies vir pasgeborenes (1266)
- Kepsie en kousie stelle vir vroeggeborenes (871)
- Musse vir kankerlyers (en sorgbehoewendes) (753)
- Kindertruie (sorgbehoewende kinders) (309)
- Bedsokkies (Tygerberg-hospitium + behoeftige bejaardes) (205 pare)
- Gebreide balle (vir gebruik tydens arbeidsterapie) (175)
- Mini-teddies (met 'rattles' binne in) wat aangewend word by stimuleringsprogramme vir babas en kleuters (233)
- Bababaadjies (Tygerberghospitaal) (27)
- Mini-frokkies vir prematuurbabas (78)
- Serpe vir sorgbehoewendes (19)
- Toiletsakkies vir sorgbehoewende pasiënte in Tygerberg-hospitaal (van materiaal gemaak) (600)
- Gebreide/gehekelde komberse (vir sorgbehoewende babas, kleuters en volwassenes) (23)
- Gebreide (vingerlose) handskoene (17 pare)

Totale aantal items gelewer

4829